# COVID-19 KWELVRAE

## Mag 'n ouer besluit om 'n kind nie terug te stuur skool toe nie weens vrees vir COVID-19 infeksie?

Leerders tussen die ouderdom van 7 en 16 jaar (Graad 1 tot 9) is skoolpligtig. Klik hier om die *Policy on learner attendance* van die Departement van Basiese Onderwys te besigtig (Staatskoerant 33150).

Indien 'n ouer besluit om 'n skoolpligtige kind vir die res van die jaar uit die skool te haal, is daar verskillende scenarios:

- Volgens die bywoningsbepalings in die SA Skolewet (SASW) moet 'n ouer wat nie die skoolpligbepalings wil nakom nie, toestemming by die provinsiale onderwysdepartement verkry om dit te doen.
- Indien toestemming verkry is, kan oorweeg word om die leerder vir tuisonderrig by 'n kurrikulumverskaffer te registreer wat die leerder aan die einde van die jaar vir die betrokke graad sal sertifiseer.
- Nie-registrasie by 'n kurrikulumverskaffer impliseer dan die volgende:
  - Dat die kind strydig met die SASW van skoolbywoning weerhou is en ouer vervolg kan word;
  - Dat die kind geen bewys vir die jaar se leer sal hê nie;
  - Dat geen formele sertifikaat (rapport) vir die jaar uitgereik sal word nie; en
  - Dat die ouer moet besef dat enige skool die reg sal hê om te bepaal wat die standaard van die tuisonderrig was, ongeag of daar 'n sertifikaat uitgereik is al dan nie.

Sou ouers oorweeg om vir 2021 die leerder weer by 'n skool in te skryf, hetsy dieselfde skool of 'n ander skool, moet die volgende in gedagte gehou word:

- Die leerder is 'n nuwe aansoek, soos enige ander aansoeker, en moet ingevolge die skool en toelatingsbeleid oorweeg word.
- Daar moet bepaal word of daar plek in die betrokke skool en graad is.
- Die skool kan 'n "plasingsassessering" doen om te besluit of die leerder wel oor die nodige kennis / vaardighede beskik om in 'n spesifieke graad geplaas te word.
- Dit is nie vanselfsprekend dat die kind saam met sy ouderdomsgroep na die volgende graad bevorder sal word nie, tensy daar 'n formele sertifisering as bewys is die inhoud vir 2020 wel bemeester is.
- Die leerder kan dus moontlik deur die skool in dieselfde graad geplaas word waarin hy/sy in 2020 ingeskryf was.

### Watter regte het die skool?

Die skool mag nie weier dat die ouer die leerder uit die skool verwyder nie. Skole moet gesprek met die ouers voer en genoegsame inligting aan ouers verskaf om sodoende 'n meer ingeligte besluit te kan neem. Die skool is onder geen verpligting om die leerder tuis te ondersteun nie (tensy die registrasievoorwaardes van die provinsiale onderwysdepartement hiervoor voorsiening maak). Hier kan sekere gevalle binne die skool se beleid hanteer word, bv 'n leerder van die skool wat 'n onderliggende siekte het bly ingeskryf by die skool en ontvang die nodige ondersteuning. Die skool kan oorweeg om personeel onder voorwaardes wat die skool bepaal, as tutors vir dié leerder beskikbaar te stel.